NET BY GOD... WEEKSTUKKIES

SONDAG

Lees: Psalm 62: 6 - 9

Gesels:

- Watter beelde/beskrywings van God in hierdie gedeelte is vir jou die treffendste?

Doen: Luister/kyk die week se preek saam met vriende/gesin/groep/sirkel en gesels dan kortliks oor:

- Wat maak jou die bekommerdste oor 2020? Corona/die ekonomie/saaityd/enigiets anders?
- Waarom dink jy/julle is die Psalmdigter so krities oor mense en rykdom? Het hy 'n punt beet of nie? Hoekom?
- Waarvan wil jy dalk die week wegkruip? Hoekom?
- Wat beteken God se rus vir jou? En God se redding?
- Wat staan vir jou die meeste uit in Lydenstyd/Paastyd? Hoe kan dit saam met Psalm 62 jou die week en in die res van die jaar wat voorlê help?

Kry 'n paar klippies en teken rooi kruisies daarop. Steek dit iewers weg of as "warm en koud" al 'n ou speletjie is gee aan elkeen een. Met die klippies in die hand lees Psalm 62:6 - 8 saam.

MAANDAG

Lees: Psalm 18:1 - 3, 29 - 34

Gesels:

- Hoe sou jy/julle die vraag in vers 32 beantwoord?

Doen: Gaan tel in jou/julle tuin of in die berg/woud 'n lekker groot klip op en skryf daarop: "Jesus is my/ons Rots!".
Sit dit iewers in jou/julle huis waar jy/julle dit gereeld kan sien en wanneer jy/julle dit sien doen 'n gebed vir die Here - dank die Here, bid vir jouself en/of bid vir iemand anders wat jy/julle weet die Here nodig het. Julle kan julle klein klippies van gister ook daarrondom pak.
Neem 'n foto daarvan en deel dit op die gemeente se Facebookblad/jou eie met Psalm 62 of Psalm 18:3 daarby.
As jy/julle bang of moedeloos raak die week, en jy soek 'n veilige plekkie gaan sit by jou/julle "rots" en gesels met die Here!

DINSDAG

Lees: Mattheus 10:29 - 31

Gesels:

- Wat hoor jy/julle vandag in die gedeelte? Wat dink jy/julle wil Jesus hê jy/julle moet hoor oor Sy redding en sorg?

Doen: Kyk of jy/julle nog iewers 'n een sent kan kry - die muntstuk met die mossies op (Jy/julle kan ook op die internet soek vir 'n prent).
Druk of skryf Mattheus 10:31 uit en plak dit saam met die sent/prent in jou dit teen jou spieël. Wanneer jy in die spieël kyk sê vir jouself: "(Jou

naam), jy hoef nie bang te wees nie - God sorg vir die mossies en Hy sorg vir jou en is BY jou!"
Neem 'n foto of stuur vir 'n vriend/vriendin/familielid 'n kortvideo waarin jy die sinnetjie VIR die persoon sê (m.a.w jy sit sy/haar naam in die sin!) saam met Mattheus 10:31.

WOENSDAG

Lees: Jesaja 41:10, 13 - 14

Gesels:

- Wat is die ding wat jou/julle die bangste maak in die tyd? Hoe help die vers jou/julle vandag daarmee?

Doen: Soek Joe Niemand se liedjie "Ek sal nie bang wees nie" en luister dit saam as gesin/vriendekring/groep. As jy nie by iemand kan wees nie, stuur die liedjie vir een van jou vriende/geliefdes.

DONDERDAG

Lees:Romeine 8: 31 - 39

Gesels:

- Wat tref jou/julle die meeste in die gedeelte? Hoekom dink jy/julle is dit vir jou/julle so treffend?

Doen: Dek julle groot klip van Maandag op julle etenstafel saam met 'n kers vandag iewers by 'n ete. Steek die kers aan, maak julle oë toe en laat iemand dan vers 37 - 39 lees. Gesels verder aan die tafel waar die week jy Jesus se liefde/teenwoordigheid beleef/gesien het.

VRYDAG

Lees: Mattheus 11:28 - 30

Gesels:

- Wat het jou die moegste gemaak die week? Wat beteken Jesus se uitnodiging na RUS vir jou die naweek?

Doen: Wat beeld vir jou/julle Jesus se RUS die beste uit? Kyk of jy/julle iets kan bring en wys vir mekaar as julle iewers saameet. Maak dit dan iewers bymekaar en as dit kan sit dit iewers in 'n hoekie by julle huis - julle eie RUS-hoekie!

SATERDAG

Lees: Psalm 23, Johannes 10:10 - 11; 14 - 15, 27 - 28

Gesels:

- Wat mis jy/julle die meeste van die kerkdienste op Sondae? Hoekom?

Doen: Ons moet baie hande was deesdae. Wanneer jy volgende keer hande was, dink sommer weer aan jou Herder se woorde - "Niks kan jou uit my hande ruk nie!"

Lees gereeld die week Psalm 62 veral vers 6 - 9